

## Gereformeerde Kerk Bellville – 13 Januarie 2019 – Aand

**Sing vooraf staande:** Psalm 37:13, 14, 15 (p. 184)

- 13 Die bose leen – en het te min, / Gods volk deel uit en – daar's gewin;  
want sy geseendes sal hier bloei; / wie Hy vervloek, word uitgeroei.
- 14 'n Man se stap is vas en heg / as God behae 't in sy weg;  
en as hy val, dan bied Gods hand / hom hulp en wisse onderstand.
- 15 Ek was aanskouer van veel kwaad, / maar nooit dat God sy volk verlaat,  
dat hul geslag, hoeseer geplaag, / ooit aan die bedelbrood moes knaag.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 145:1, 2, 3 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;  
u Koningseer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit!  
Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.
- 3 Omdat, o God, in dié geheimenis / vir ons vernuf geen grond of einde is,  
daarom prys ons u wêrk, u dáád van krag, / van kind tot kind, tot in die nageslag.

Gebed

Psalm 34:4, 5 (p. 167)

- 4 Gods sterke Engel wil / 'n laer van beskutting wees  
óm almal wat die HERE vrees. / Hy maak hul onrus stil.  
Ervaar dan en aanskou / hoe waaksaam God is en hoe goed.  
Hoe salig is 't in my gemoed / as ek op Hom vertrou!
- 5 O heil'ge volk van God, / geheilig om sy volk te wees,  
jul hoef geen honger ooit te vrees, / God waak oor julle lot.  
Die jong leeu, groot van moed, / ly honger op die skrale jag,  
maar hulle wat die HEER verwag, / ontbreek dit aan geen goed.

**Skriflesing:** 2 Kronieke 20:1-12; Psalm 127; Matteus 6:25-34;  
Heidelbergse Kategismus, Sondag 50

**Kernvers:** Matteus 6:25

**Daarom sê Ek vir julle: Moenie julle kwel oor jul lewe – wat julle sal eet en wat julle sal drink nie; of oor jul liggaam – wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie?**  
(Matteus 6:25 AFR53)

**Heidelbergse Kategismus**

**Vraag 125: Wat is die vierde bede?**

*Antwoord:* Gee ons vandag ons daaglikse brood. Dit is: *Versorg ons met alles wat vir die liggaam nodig is (a), sodat ons daardeur erken dat U die enigste Bron is van alles wat goed is (b), en dat al ons sorg en arbeid en ook u gawes sonder u seën ons nie kan baat nie (c). Gee daarom dat ons ons vertrouwe van alle skepsele aftrek, en op U alleen stel (d).*

(a) Ps 145:15; 104:27; Matt 6:26. (b) Jak 1:17; Hand 14:17; 17:27. (c) 1 Kor 15:58; Deut 8:3; Ps 37:16; Ps 127:1, 2. (d) Ps 55:23; 62:11; 146:3; Jer 17:5, 7.

**Tema:** Here, ons vertrou dat U alleen alles aan ons kan en wil gee om te lewe

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in hierdie lewe is daar verseker niks wat meer bekommernis by mense veroorsaak as kommer oor kos en klere en blyplek nie. Wat ons geestelike lewe, ons siel en die ewige lewe betref, word dit maklik aan ons Vader in die hemel se sorgsame hande toevertrou. Maar wanneer dit by kos en klere en blyplek kom, is hierdie selfde mense baie maal die bekommerdste mense van almal. Jesus Christus ken die sondaar se traagheid. Daarom begin Hy die tweede deel van die *Ons Vader* – wat oor ons behoeftes handel – met ons liggaamlike behoeftes voordat Hy ons leer bid vir ons geestelike behoeftes. Hy weet immers dat die mens deur sy liggaamlike behoeftes so plat-getrek kan word dat selfs sy geestelike behoeftes mettertyd vervaag.

Ons liggaam met sy behoeftes is nie onbelangrik vir die Here nie. Dit is immers die gelowige se troos dat hy met liggaam en siel aan die Here behoort omdat Hy die gelowige se liggaam en siel verlos het. Aangesien Hy dan die Eienaar van my liggaam is, kan ek verseker wees dat ook my liggaam en die versorging daarvan vir Hom belangrik is. Kom ons luister wat die Here ons leer aangaande die inhoud, betekenis en doel van die vierde bede.

Met die eerste sin van die antwoord in Sondag 50 bely ons wat die inhoud van die vierde bede is, naamlik: ***Versorg ons met alles wat vir die liggaam nodig is.***

Daar was in die verlede mense, seker vandag ook nog, wat meen dat wanneer daar vir brood in die *Ons Vader* gebid word, dit eerder oor die bonatuurlike dinge gaan. Hulle meen 'n mens bid eerder vir brood vir die ewige lewe. Wie so dink, is besig om al verder van Christus se bedoeling af weg te beweeg. Hy het immers onder die mense in Palestina geleef. En Hy het geweet waarom hulle die meeste bekommerd is. Daarom het Hy ook in die berg-predikasie gesê: **Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet of drink nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie.** Hierdie trooswoorde sê Hy juis aan mense wat finansieel swaar gekry het en verdruk is deur die Romeine met hoë belas-tings. En let op wanneer het Hy hierdie woorde vir sy dissipels gesê – net nadat Hy hulle geleer bid het. Matteus 6:25 en verder is in 'n mate 'n uitbreiding en verduideliking van die vierde bede.

Wanneer ons dan in ons Kategismus bely dat brood na alles verwys wat vir die liggaam nodig is, is ons nie verkeerd nie. Kyk net hoe geskik is die woord *brood* in die gebed. Om brood te wil hê moet daar koring wees. Daar moet lande wees wat bewerk kan word. Daar moet voldoende reën wees. Die mense wat die lande moet bewerk, moet gesondheid en krag hê. Daar moet ploë, planters, trekkers en ander implemente wees. Daar moet fabriekes wees wat die implemente kan vervaardig. Daar moet bakkerye wees om die brood te bak en winkels om die brood te verkoop. Die Here vat dus met die woord *brood* al die lewens-behoeftes van die mens saam. Soos 'n brandglas die strale van die son op 'n klein kolletjie saamtrek, so word die mens se behoeftes in die woordjie *brood* saamgetrek.

Elke gelowige het 'n beroep waarvoor die Here hom toegerus het. Maar behalwe jou beroep wat jy elke dag moet beoefen, staan elke gelowige ook in die amp van die gelowige. In die eerste drie bedes bid ons tot die Here: ***Laat u Naam geheilig word, laat u koninkryk en laat u wil geskied.*** Ons vra dat God hierdie dinge self sal doen en terselfdertyd vra ons dat Hy ons so deur sy Gees sal lei dat ons aan hierdie werk van Hom sal meedoen. Om dan bruikbaar in die Here se hand te wees wanneer ons meedoen dat sy Naam geheilig word en sy koninkryk kom, het ons krag, verstand, energie en bepaalde middele nodig.

Daarom vra ons dat die Here ons met alles so sal versorg dat ons ook ons amp as gelowiges getrou en gewillig kan uitvoer. Daar waar ons elke dag van die week werk, is ons nog steeds in die amp van die gelowige. Die student en skolier vra vir boeke; die messelaar vra vir stene en sement, die huisvrou vra vir kos en klere om haar gesin te versorg; die handelsreisiger vra vir 'n motor; die melkboer vra vir koeie.

Jesus leer sy dissipels egter nie om vir 'n week of 'n maand of 'n jaar se voorraad van hierdie goed nie. Die gelowige het net nodig om te vra wat hy vandag nodig het. Dit beteken nie dat ons nie vir die toekoms voorsiening moet maak nie. Ons moet dit sonder twyfel ook doen. Josef het immers in die sewe goeie jare genoeg koring weggebêre sodat daar vir die sewe maer jare ook kos sou wees. Die Here het hierdie verantwoordelikheid op sy skouers gelê. Aan die ander kant moet jy ook tevrede wees as jy slegs vir elke dag genoeg kos het. Die digter van die boek Spreuke sê dit treffend in Spreuke 30:8-9:

**Hou valsheid en leuentaai ver van my af; gee my nie armoede of rykdom nie, laat my geniet die brood wat vir my bestem is; dat ek nie, as ek oorversadig geword het, U verloën nie, en sê: Wie is die HERE? En dat ek nie, as ek arm geword het, steel en my aan die Naam van my God vergryp nie.** (Spreuke 30:8-9 AFR53)

Ons Vader wat in die hemel is, is alwetend. Hy weet wat ons alles nodig het en tog wil Hy hê dat ons alles wat ons nodig het van Hom sal vra. Maar wanneer ons alles van die Vader vra, kan ons nie maar nou agteroor sit en wag dat die Here net moet gee nie. Ons moet ook werk, want bid en werk gaan hand aan hand. Sondag vir Sondag sê die Here: Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet. Die gebed is nie 'n agterdeur vir luiheid nie. Wat beteken dit dan as ons vir ons daaglikse brood bid?

Die tweede sin in ons antwoord bring ons by die betekenis van die vierde bede. Ons bely: **Laat ons daardeur erken dat U die enigste Bron is van alles wat goed is, en dat al ons sorg en arbeid en ook u gawes sonder u seën ons nie kan baat nie.** Die betekenis van die vierde bede is dat ons totaal van God afhanklik is.

God is nie maar net nog 'n Bron van alles wat goed is nie. Buiten die Here is daar geen ander bron van wie ons iets goeds kan verwag nie. Ons God en Vader is die enigste Bron van alles wat goed is. Josafat het ook besef dat die Here die enigste Bron is. Hoor hoe bid hy in 2 Kronieke 20:12. En hy bid so terwyl hy in hierdie stadium van sy regering 'n leër gehad het met meer as 'n miljoen soldate. Hy kon maklik dink dat sy leër vir hom 'n bron van veiligheid kan wees. Maar toe die Moabiete en hulle bondgenote dreigend teen Juda op-getrek het, het hy en die hele volk tot God genader en om hulp gesmeek. Alhoewel hy so 'n groot leër gehad het, het hy nie sy vertroude daarop gestel nie. Hy het geweet die Here is die enigste Bron van alles wat goed is.

Hierdie selfde gedagte kom ons aan die begin van die bergpredikasie teë. Jesus sê: **Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.** Die mense vir wie Hy dit gesê het, was juis deur nood so in 'n hoek gedryf dat net God alleen hulle daaruit kan red. Of jy dan nou 'n oorvloed het, soos Josafat, of net genoeg of amper te min, soos hierdie dissipels, moet jy altyd besef dat wat jy ook al het, het jy uit die hand van God ontvang. En met die oë op God gerig, moet jy lewe. Dan kan jy in teëspoed geduldig wees en in voorspoed dankbaar.

En wat die toekoms betref, jy kan jou vertroude in God stel. Hy het vandag vir jou gegee wat jy nodig het en Hy sal dit môre en oormôre weer doen. Niks kan die gelowiges van sy vol-maakte liefde skei nie. Elke keer wat ons tot Hom bid vir wat ons nodig het en Hom as Gewer daarvoor dank, erken ons Hom as die enigste Bron van alles wat goed is. Daarom

moet ons ook goed oplet na ons tafelgebede. Dit kan maklik 'n gedagtelose rympie word en nie meer 'n ware gebed waarin ons God as enigste Bron van alles wat goed is, erken en bely nie.

In ons gebed moet ons God nie net as die enigste Bron van alles wat goed is, erken nie. Ons moet altyd onthou hoe afhanklik ons van die seën van die Here is. As die Here die huis nie bou nie, swoeg die wat daaraan bou tevergeefs. As die Here die stad nie beskerm nie, waak die wat dit beskerm tevergeefs. Dit is soos iemand wat sy hard verdiende geld aan die einde van die maand in 'n stukkende beursie bêre. Dit gaan verlore. Niemand kan ooit sê dat hy nou maar net op sy eie vermoëns, verstand en geld staatmaak nie. Ons kan soveel krag en geld en vriende hê as wat ons wil, maar as die Here ons nie seën nie, is alles te-vergeefs. Ons is totaal afhanklik van die Here ons God. Dit is die betekenis wat Christus ons met hierdie vierde bede leer.

Mag ons Vader ons daarvan bewaar om ooit ons afhanklikheid van God te vergeet. Mag die Heilige Gees met die Woord van God so in ons werk dat ons altyd sal besef ons is eintlik arm van gees. Sonder die Here en sy seën is ons tot niks in staat nie. As ons dan nou weet hoe afhanklik ons van die Here is, het ons ook by die doel van die vierde bede gekom.

In die derde sin van die antwoord bely ons die doel van die vierde bede: ***Gee daarom dat ons ons vertroue van alle skepsels aftrek en op U alleen stel.***

Die Here self hou die voorbeeld van Josafat aan ons voor. Josafat het nie sy vertroue op sy leër van 'n miljoen soldate gestel nie. Hy het sy vertroue van hulle afgetrek en op God alleen vertrou toe hy gesê het: *Ons oë is op U gerig.*

Op wie of wat rig jy jou oë vir jou daaglikse brood? Onthou: Tevergeefs dat julle vroeg opstaan en laat gaan slaap om met moeite 'n bestaan te maak. Vir dié wat Hy liefhet, gee die Here dit in hulle slaap. Die mense wat met geloofsvertroue werk, sal uit die hand van die Here alles ontvang wat hulle nodig het. As die Here wil, kan Hy die gelowiges gee wat hulle nodig het, al het hulle nog nie gewerk nie. Op my krag kan ek nie vertrou vir 'n lewenslange onderhoud nie, want my kragte gaan minder word. Maar op die Here kan ek altyd vertrou vir lewensonderhoud. By Hom is daar nooit 'n verandering nie.

Laat ons daarom ons oë op God rig vir alles wat ons nodig het. Op mense kan ons en mag ons nooit ons vertroue stel nie. Laat ons ook nie ons vertroue op Lottokaartjies en dobbelmasjiene stel nie. Laat ons nie op "Wat sê die sterre" en waarsêers vertrou nie. Al hierdie dinge waarop mense so maklik vertrou om vinnig uit die benoudheid te kom, sal nie help nie. "Wat sê die sterre" en waarsêers sê gewoonlik wat 'n mens graag wil hoor, maar dit is nie noodwendig die waarheid nie. Wanneer 'n mens op dobbelmasjiene en Lottokaartjies jou vertroue stel, vertrou jy op skeppings van skepsels. Dan word jy soos die heiden wat op 'n geluksgodin vertrou. Sy is maar net 'n versinsel van die mens, 'n denkbeeld wat nie eers bestaan nie.

Nee, gelowige, vertrou op God. Om te vertrou is om hoopvol en geduldig te wag dat God sy genade aan jou bewys. Dit maak nie saak hoe moeilik dit met die gelowige gaan nie. God sal hom versorg met alles wat hy nodig het. Daarom hoef jy nie paniekerig rond te skarrel vir allerhande oplossings nie. Jou vertroue in die Here sal nooit verniet wees nie. Gelowiges het 'n lewende waarborg dat God hulle sal versorg. Jesus Christus is die waarborg en Hy lewe tot in ewigheid. Hoor hoe verseker die Here ons:

**Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee**

## het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?

(Romeine 8:32 AFR53)

Ons Vader het ons in wie weet hoeveel dae al versorg met alles wat ons nodig het. Daarom kan ons op Hom vertrou om ons ook op hierdie dag te versorg met alles wat ons nodig het. Maar omdat Hy weet hoe maklik ons kan wankel in ons vertrou op Hom, het Hy aan ons sy Heilige Gees gegee. Die Heilige Gees verseker jou aanhoudend dat jou Vader in die hemel God is. En Hy help jou om altyd op die Vader te bly vertrou. Daarom kan ons bid en vertrou dat ons hemelse Vader ook ons daaglikse brood aan ons sal gee.

En vir ons wat kan bid: **Gee ons vandag ons daaglikse brood**, en vertrou dat God in al ons behoeftes sal voorsien, vind in hierdie woorde troos: *Moenie julle bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet of drink, of oor julle liggaam oor wat julle moet aantrek nie. Kyk na die wilde voëls: hulle saai nie en hulle oes nie en hulle maak nie in skure bymekaar nie; julle hemelse Vader sorg vir hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie? Moet julle dus nie oor môre bekommer nie, want môre bring sy eie bekommernis. Elke dag bring genoeg moeilikheid van sy eie.*

Laat ons vertrou op ons Vader wat in die hemel is. Hy kan en wil ons versorg met alles wat ons nodig het om aan die lewe te bly.

**Amen!**

Slotgebed

Skrifberyming 17-1:1, 2, 6 (Sb 17)

- 1 Wees nie besorgd nie oor jul lewe, / oor wat die harte neerwaarts trek:  
"Wat sal ons eet, waar vind ons laafnis? / Wie skaf die kleed wat ons moet dek?"  
Is lewe en liggaam dan nie meer nie / as alles wat net kommer wek?
- 2 Aanskou die voëls van die hemel, / dat hul nie saai of maai of swoeg.  
Tog voed die Hemelvader hulle. / Het Hy vir jul dan nie genoeg?  
En wie kan ooit in sy besorgdheid / een el maar by sy lengte voeg?
- 6 Soek eers die koninkryk der heemle / en Gods geregtigheid; dan laat  
Hy seën druppel uit die hemel – / vir elke dag die dag se maat.  
Want elke dag dra self die sorge / vir elke dag se nuwe kwaad.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
13 Januarie 2019